ONBERISPELIK

Filippense 1

[3]Ek dank my God elke keer wanneer ek aan julle dink. [4]Telkens wanneer ek vir julle almal bid, doen ek dit met blydskap [5]oor julle deelname aan die evangelie van die eerste dag af tot nou, [6]oortuig daarvan dat Hy wat 'n goeie werk onder julle begin het, dit sal voltooi tot op die dag van Christus Jesus. [7]Dit is immers vir my reg om so oor julle almal te dink, omdat ek julle in my hart hou. Wat my gevangenskap sowel as die verdediging en bevestiging van die evangelie betref, deel julle almal saam met my in die genade. [8]Want God is my getuie hoe ek met die innige toegeneentheid van Christus Jesus na julle almal verlang. [9]Ek bid juis dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in kennis en begrip [10]om die dinge wat saak maak te kan onderskei. Die doel hiervan is dat julle op die dag van Christus innerlik suiwer + onberispelik sal wees... (BDV).

Dit is die Here se wêreld. Regtig!
Hy het darem seker ook 'n sê oor hoe ons in Sy wêreld leef.
Hy verwag dat ons Hom sal erken.
Dis soos kinders wat darem hulle ouers en oupas in die oggend groet.
Môre ouma. Het ouma lekker geslaap. Ons leef saam, ook voor Hom.

Hy gee vir ons duidelike riglyne om na te kom.
Hy verwag dat ons Sy riglyne vir die lewe sal nakom.
Dié riglyne is vir ons beswil.
Dit is volgens Sy soewereine wil.

Paulus sê dat die Here wil hê dat ons **suiwer** in gedagtes en gedrag sal wees. Dit is wat Hy van ons in sy wêreld vra.

So sê Paulus dit in vers 10: "Die doel hiervan is dat julle op die dag van Christus innerlik **suiwer + onberispelik** sal wees."

Wanneer God aan die einde van die tyd die gordyn oor ons lewe vir almal oopmaak om te sien, dan wil Hy hê dat ons rein en blaamloos sal wees. Die kern van 'n reine lewe is 'n lewe wat sirkel om die Here, dit is die betekenis van "rein van hart". In jou diepste wese wil jy die Here ken. Op die einde van ons lewe moet niemand kan dink dat jy vir jouself geleef het nie. Dit sal dan onrein van hart wees.

God wil hê dat ons innerlik suiwer (eerlik, opreg) sal wees. Dit het te make met ' 'n hart met 'n suiwer motivering, opreg, eerlik. God wil hê dat ons mense sal wees wat sonder bedrog is, dat ons moreel suiwer sal lewe, dat ons innerlik sonder foute sal wees, heilig, rein, sonder sonde, sonder geheime, sonder skuld. Veral versigtig vir Mammon. Veral ja.

Dit is 'n suiwerheid van hart, soos Jesus ook daarvan praat in die Bergrede: "Geseënd is die mense wat suiwer van hart is, want hulle sal God sien." (Matt 5:8). En die woord wat Hy vir suiwerheid gebruik, beklemtoon nog sterker die morele reinheid wat in ons harte moet wees. Ons harte moet geen sonde bedink nie. Dit moet rein wees. Jesus s'n.

En hoekom is dit so belangrik? Want die mond loop oor van wat die hart vol is. Wat ons doen, kom uit wat ons dink. En hoe meer ons innerlike suiwer in ons denke raak, hoe meer sal ons gedrag onberispelik begin word.

God wil hê, is dat ons lewe onberispelik sal wees. Dat ons lewe sal pas by hierdie innerlike suiwerheid. Dat ons gedrag sal pas by ons mooi gedagtes. Dat ons gedagtes sal pas by voorbeeldige gedrag. Kongruent.

God wil dus hê dat ons sonder blaam sal lewe. Dat niemand 'n vinger op ons kan lê oor enigiets wat ons verkeerd doen nie.

Dit is wat God dus van ons in sy wêreld verwag. Om innerlike suiwer en uiterlik onberispelik te wees.

Hoe doen ons dit?
Julle liefde moet in kennis en begrip toeneem.

Wel, in die eerste plek moet 'n mens natuurlik die Here begin dien. Dit is wat dit beteken om tot bekering te kom. Dit is om te besluit, hierdie God is die moeite werd. Hom wil ek dien. Met hierdie God wil ek die pad in die lewe loop. Dit is dan Sy wêreld.